

22 Augustus 2021

Hoërskool Kategese

Efesiërs 6:10-20



wat wil jy vandag bereik?

Ons lees die laaste woorde van die boek Efesiërs.

Belangrik dat ons herinner word dat ons krag nie in onself lê nie.
Mense kan hulle krag op verskillende plekke kry, maar God is ons bron van krag.

Ons hoef ons nie te bekommer oor die kragte en magte om ons nie.
God gee vir ons Sy wapenrusting.

**Ter wille van gemeentes
wat gewoon is aan die ritme
van Kontak-kategese,
plaas ons in hakies
hoe dit in daardie raamwerk inpas.**

Besef egter asb. dat NOUS weggestap het van
Kontak-kategese. NOUS se kategese-model is steeds gebaseer op Groome se model, maar ons het
dit verder ontwikkel sodat dit makliker in gemeentes toegepas kan word.

Gemeentes is welkom om lede
van die NOUS span te nooi
om opleiding rondom hierdie metodiek
te kom aanbied.

ons storie: ysbreker (hier en nou)

Luister gerus een OF altwee van hierdie songs vandag voor julle
gesprek.

VirAnder - Sing 'n Hallelujah

<https://youtu.be/kRRHpyh7e8s>

OF

Phil Wickham - Battle Belongs

<https://youtu.be/qtvQNzPHn-w>

Watter song of deel van die songs praat met jou?

GOD se storie wat sê die Bybel (daar en dan)

lees Efesiërs 6:10-20 saam as 'n groep

As daar tyd is, kan elkeen dit daarna weer op sy/haar eie tyd lees.

word stil

2 Kronieke 20:15

Die Here sê vir julle: Julle moenie bekommerd
wees nie, julle moenie bang wees vir hierdie
klomp vyande nie, want dit is nie julle oorlog nie,
dit is God se oorlog.



gesels dan oor die volgende saam

Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het.
Of enige vrae wat jy nou het.

Belangrik om te onthou Jesus het reeds die bese en die dood oorwin aan die kruis en met Sy opstanding.

Die oorlog is gewen, daar is soms nog gevegte waar die bese probeer om ons anders te oortuig.

Ons krag lê in Jesus en Sy oorwinning. Ons het nie iets of iemand anders nodig nie. Sy krag beskerm ons.

Die oorlog is gewen.

God los ons egter nie nou op ons eie nie.

Hy gee vir ons toerusting... wapenrusting.

Kyk of julle die verskillende dele van die wapenrusting kan opnoem?

Waarom is elke deel van die wapenrusting belangrik vir ons?
Wat is die doel van elke deel van die wapenrusting?

ons nuwe storie

Hoe ons nuut, dink, doen en leef
in die wêreld rondom ons. Verder en Voor

Paulus skryf hierdie brief uit die tronk uit. Nie juis 'n plek van oorwinning nie. Maar dit keer hom nie.

Hy herinner ons dat oorwinning behaal is en behaal word deur gebed... watter deel van die wapenrusting het jy vandag nodig?

Watter oorwinning wil jy voor vra / bid vandag?

na die erediens

As julle groep na die erediens bymekaarkom
waarin die teks hanteer is

Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.

Wat dink julle was die hoofgedagte?
Kan julle dit in een sin opsom?

bid vir mekaar

Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid?

Onthou julle nog die ABC van gebed?

Aanbidding

"Here, ek aanbid U, want..."

Belydenis

"Here, vergewe my vir..."

Voorbidding

"Ek bid vandag vir..."

Danksegging

"Dankie, vir..."

Eie behoeftes en toewyding

